


DAG 1

Vry of onvry?




Aswoensdag is die begin van Lydenstyd in die meeste groot kerklike tradisies. Die weke wat oploop tot Goeie Vrydag word dan tradisioneel gesien as 'n tyd van opgawe of opoffering om sodoende iets van Christus se lyding aan jou eie liggaam te ervaar. Lydenstyd het baie waarde; dié waarde lê in die bewuswording van jou afhanklikhede en hoe onvry jy werklik is. Eers wanneer jy kies om iets vir ongeveer 40 dae op te gee kom jy agter hoe geheg jy daaraan is. Die besef van afhanklikheid aan gewoontes, kos, drinkgoed, televisie – noem maar op – kan lei tot 'n groter verlange na afhanklikheid van God alleen.

Tog kan jy nie iets opgee as jy nie eers weet wat ten diepste jou lewe bepaal nie. Jy kan nie vry word as jy nie weet wat jou onvry maak nie. Dit vra selfkennis en die ondersoek van jou gewoontes wat onbewus jou manier van leef bepaal. Miskien is dit die ding waarsonder jy net nie jou dag kan indink nie.

DAG 2

Aswoensdag



Die digter TS Eliot begin sy gedig “Ash Wednesday” met die woorde:


Because I do not hope to turn again
Because I do not hope
Because I do not hope to turn
Desiring this man's gift and that man's scope
I no longer strive towards such things

In sekere tradisies ontvang die gelowiges op Aswoensdag die as van die vorige jaar se palmtakke (van Palmsondag) op hulle voorkop, saam met die woorde: “Bekeer en glo die evangelie,” of: “Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer.”

Ek hoor altyd Eliot se eerste woorde as 'n wens aan die begin van Lydenstyd. Dat dit tog moontlik sal wees om vry te word van goed wat 'n mens onvry maak. Hy praat van talente en ambisies – vir elke mens iets anders. Daarom is Lydenstyd nie 'n groot inspanning vir 'n groot beloning nie. Dit is aarselende treë omdat jy verlang om in afhanklikheid te groei. Dié afhanklikheid is dan ook die beloning.

DAG 3

Tekens van geregtigheid



In Matteus 6:1-6, 16-21 herinner Jesus ons dat ons dade van barmhartigheid en woorde van gebed nie daar is om ander se aandag op jou te vestig nie. Eintlik moet jou linkerhand nie eers weet wat jou regterhand doen nie en moet jy in jou binnekamer bid.

Aswoensdag herinner ons dat ons nie dinge opoffer om daarop te kan roem nie. Een van my gunstelingstories is van die man wat ander onder die tafel kon indrink. Hy word 'n monnik en roem daarop dat hy die enigste een was wat in Lydenstyd by vasgewoontes gehou het. Het die man verander? Om jouself in jou drankgebruik of vasvermoë te verlustig is seker maar dieselfde ding.

Tog, as ons eerlik met onself is – en met eerlikheid kom altyd humor – sal ons erken dat min goeie dinge wat ons doen, indien enige, nie iewers 'n stuk selfsug ingeweef het nie. Soms kan ons maar net sag vir onself lag.